# NEW HOLLAND-PRESISIE-GRONDBESTUUR

# 'N NUWE VLAK VAN KONNEKTIWITEIT EN PRODUKTIWITEIT.

PLM
NEW HOLLAND INTELLIGENCE

Met PLM Intelligence™ ontsluit New Holland 'n nuwe vlak van konnektiwiteit en afstandbesigtiging wat nog nooit voorheen in 'n vierwiel-aangedrewe trekker gesien is nie. Met hierdie platforms, met 'n 3-jaar-Advanced Telematics-standaard op alle nuwe T8- en T9-modelle, kan produsente intydse verbinding met hul New Holland-handelaar verwag, asook verbeterde winsgewendheid deur middel van sagteware-opdaterings, diagnostiek en data-integrasie, en verhoogde masjienbedryfstyd. Hulle kan ook die beste bestuurstelsel in die bedryf verwag, 'n makliker koppelvlak vir die operateur en verbeterde besluitnemingsvermoë deur data-analise.




**MYNEWHOLLAND**-portaal verskaf 'n enkele poort na 'n verskeidenheid New Holland-dienste om klante se produktiwiteit te verbeter. Kry al die funksionaliteit wanneer jy dit nodig het - waar jy ook al is. Jy kan jou toerusting registreer, dit binne minder as een minuut aan jou handelaar koppel, en relevante nuwe aanbiedings, video's en handleidings ontdek.



## MYPLMCONNECT

**MYPLM Connect** bied jou vloot- en plaasbestuursfunksies wat jou daaglikse werk op die plaas sal verbeter. Dit hou verskeie voordele in, waaronder:

### PLAASBESTUUR

Dis belangrik om jou verrigting in die veld duidelik te verstaan. Dis die rede waarom **MYPLM Connect** oor 'n toegewyde funksie beskik waar jy opkomende take/voltooide take kan oplaai en besigtig.

### VLOOTBESTUUR

Om 'n duidelike beeld te hê van wat met die masjinerie gebeur terwyl jy werk, is belangrik om alles onder beheer te hou: met **MYPLM Connect** kan jy jou hele vloot maklik op enige toestel (rekenaar / tablet / selfoon) monitor, wat uiteraard jou bedryfstyd kan verhoog.

### DATABESTUUR

In vandag se wêreld is dit belangrik om met ander te kommunikeer. Daarom kan 'n gebruiker in **MYPLM Connect** maklik data vanaf sy kantoor met vertroude vennote en operateurs in die veld deel. Daar is ook 'n volledige verslagstelsel beskikbaar om die daaropvolgende stappe en besluite te ondersteun.




### PLM™ RTK+

**MOENIE NET KIES TUSSEN SNELHEID, BETROUBAARHEID OF DEKKING NIE: Met PLM RTK+ kry jy toegang** tot vinnige konvergensie, groot dekking en betroubare verrigting. Deur by Suid-Afrika se gewildste sellulêre korreksienetwerk aan te sluit, kies jy buitengewone presisie wat 2,5 cm-verbyry- en jaar-op-jaar-akkuraatheid verseker, enige plek in jou lande. PLM RTK+ sal ook nou vir drie jaar standaard wees op alle nuwe T8 & T9's.

Kontak jou naaste New Holland-handelaar vir inligting oor al jou New Holland-produkte.

Volg ons op

www.newholland.com/za

NEW HOLLAND AGRICULTURE

Tindrum 21/052